# BUITEPOSTE IN DIENS VAN DIE KAAPSE VERVERSINGSTASIE, 1652-1795

**Dan Sleigh**

*SUMMARY*

**The outposts in the service of the Cape Refreshment Station, 1652-1795**

The outposts (*buitenposten*) of the VOC at the Cape, of which 57 were identified by the author, can be defined as manned, decentralised and specialised auxiliary service stations. Their functions included military guard and signal duties, the production of vegetables, timber, fuel and building materials, organising and providing transport for the headquarters, conducting trading expeditions to the Khoi and rescue operations for shipwrecked crews and cargo, collecting specimens for professors of natural history at European universities, herding the Company's cattle and sheep, and fishing. These outposts, particularly the military posts representing the VOC at great distances from the Castle in the Table Valley, marked the advancing frontier and played no small part in the decline of the social and economic structures of the aboriginal Khoi.

The Cape service station would not have succeeded as it did without the use of the outpost-system, as there was no other way of protecting resources against rivals than by occupying them, there was no alternative labour force, no economic structure that provided maritime services, no other system capable of handling heavy transport, no ally on the borders to share the military pressures, and (early on) no other agricultural producer, that would have enabled the Company to buy rather than to cultivate. Unfortunately the production side of the outpost-system outlived its need and led to the serious retarding of local commercial, industrial and agricultural development and marketing systems.

Nederlandse besoekers met enkele skepe of in vlote het voor 1652 by ten minste 56 geleenthede in Tafelbaai om skeepsvoorraad aan wal gegaan.[1] Hulle ervaring het die vertroue gewek dat die natuur en die plaaslike inboorlinge kon voorsien in die behoeftes van skepelinge en skepe op die heen-en retoervaart tussen die Europese mark en die Oosterse bronne.[2] *Die Generale Verenighde Nederlandsche G'octroieerde Oostindische Compagnie*, waarna kortweg as die VOC of die Kompanjie verwys sal word, het gevolglik in April 1652 'n skeepsdiensstasie in die Tafelvallei aangelê.[3] Binne vyf jaar het die nuwe diensstasie se onvermoë om ten volle in skepe se behoeftes te voorsien - in dié tydperk moes die skepe by meer as een geleentheid die

1. R. Raven-Hart, *Before Van Riebeeck. Callers at South Africa from 1488-1652.* (Cape Town, 1967).
2. Jansz en Proot se bekende *Remonstrantie* van 1649, en Van Riebeeck se *Nader Consideratie off Bedenckinge*... van 1651, beklemtoon die landboukundige en natuurlike potensiaal van die Kaapse Skiereiland en ook van die Khoi as verskaffers van vee. Vgl. die twee dokumente, soos afgedruk in E.C. Godée Molsbergen, *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika, Jan van Riebeeck* (Amsterdam, 1912), pp. 206-221.
3. Die Tafelvallei word begrens deur die see in die noorde, Leeukop en Vlaeberg in die weste, Duiwelspiek in die ooste en Tafelberg in die suide.

diensstasie proviandeer[4] - die gebreke van die situasie aan die lig gebring. Die landbougrond in die Tafelvallei was te beperk en te arm, die waterbron en weiding was net in die winter genoegsaam, die vallei was die hele jaar aan sterk wind blootgestel, en die brandhout, timmerhout en meubelhout in die Tafelvallei sou net op die kort termyn voldoende wees. Ook was die inboorlinge se vee nie so beskikbaar as wat gehoop is nie. Die toekoms van die skeepsbediening het dus in die ontginning van hulpbronne buite die Tafelvallei gelê.

Van Riebeeck se geskrifte en optrede gee nie die indruk dat hy hom tot die bogenoemde gekose vallei gebonde gevoel het nie,[5] en hoewel sy administratiewe sentrum (die Fort) in die Tafelvallei gesetel was - ongetwyfeld omdat dit daar teenoor die reede gelê het - het Van Riebeeck in 1657 die vrugbare, waterryke en windstil Liesbeekvallei oos van Tafelberg beset, dit deels omhein en verder met reduite gefortifiseer. Agter hierdie grens, op wat hy *de begrepen cirkel* genoem het, is die produksie van graan, vleis, trekvee, groente, brandhout en timmerhout met groter sukses as voorheen deur die VOC beoefen, met die hulp van Europese boere - die sogenaamde vryburgers - maar veral deur middel van bemande buiteposte. Die buiteposte was 'n nuwe verskynsel op die Kaapse ekonomiese toneel, wat van toe af tot aan die einde van die VOC-tydperk in algemene gebruik sou bly.

Die buiteposte, wat as bemande, gedesentraliseerde hulpdiensstasies buite die Tafelvallei gestig is om die verskaffings- en herstelfunksies van die Kaapse skeepsdiensstasie te bevorder, het ontstaan na die voorbeeld van soortgelyke poste op die VOC se handelstasies in Oos-Indië. Daar was die buiteposte meesal direk op die handel toegespits, hoewel sommige, soos die buiteposte Purmerend ('n afsonderingsoord vir melaatses), die skeepsboupos Onrust en die gevangenispos Edam - almal in die baai van Batavia op Java -hulle bydrae tot die handel indirek gelewer het.[6] By die Kaapse diensstasie was die buiteposte se funksies onder meer die verskaffing van boumateriaal, brandhout, trekvee, vis, groente, hooi en vervoer, en ook dienste ten opsigte van verdediging, genesing, kommunikasie, ontspanning en detensie. Vóór 1699 het daar ook buiteposte bestaan waarop graan en slagvee geproduseer is. Sommige van die poste was meer doeltreffend as ander, maar almal was deel van 'n uitgebreide en duur produksiestelsel wat die Kaapse ekonomie en die samelewing amper 'n eeu en 'n half lank diep beïnvloed het. Altesaam 57 buiteposte, wat meesal meerdoelig en van wisselende lewensduur was, is geïdentifiseer.[7]

In die praktyk het 'n buitepos bestaan uit 'n stuk regeringsgrond, volgens doel en behoefte gekies, maar goed voorsien van noodsaaklike natuurlike hulpbronne soos brandhout en water. 'n Poshouer was aan die hoof van 'n aantal posvolk, wat soms, maar nie deurgaans nie, om hulle kennis van 'n sekere ambag op die besondere pos geplaas is. Die poshouer se rang kon wissel van onderkoopman of vaandrig tot soldaat, maar die rang was in verhouding tot die belang van sy funksie.

Die geboue op die buiteposte het uit woonkwartiere en buitegeboue soos 'n stal, veehokke en krale bestaan. Die poshouer het in die sogenaamde poshuis gewoon, wat die VOC se setel in sy omgewing verteenwoordig het en aan 'n vlagpaal vir die staatsvlag voor die deur herken kon word. Uit verskillende illustrasies is dit duidelik dat die boustyl van die poshuise oor die tydperk van meer as 'n eeu van landelik tot meer elegant en selfs swierig verander het. Die

---

4. D. Sleigh, *Die Buiteposte van die VOC aan die Oosgrens van die Kaapse Nedersetting, 1652-1707* (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1982), p. 6.
5. Vergelyk sy inspeksie van die Liesbeekvallei op 18, 19 en 20 Februarie 1657, in Jan Anthonisz van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den Oppercoopman ..., I, 1651-1655* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom) (Kaapstad, 1952), pp. 97-99.
6. D. Sleigh, *Die Buiteposte in die ekonomie van die Kaapse Verversingstasie, 1652-1795* (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1987), p. 197.
7. Die buiteposte onder Kaapse bestuur was geleë in Suid-Afrika, Mosambiek, die Indiese Oseaan en die Atlantiese Oseaan. Die verskillende poste word bespreek in die skrywer se M.A.-verhandeling en D.Phil.-proefskrif oor die onderwerp, waarna in voetnotas 4 en 6 hierbo verwys word.

voorkoms het veral met die persoonlike betrokkenheid van 'n goewerneur by 'n spesifieke buitepos saamgehang.

Die werk op die buiteposte is hoofsaaklik verrig deur die vaste personeel, bekend as posvolk en bestaande uit VOC-soldate en matrose, met die toevoeging van 'n klerk, as die funksie van die pos dit geregverdig het. Slawe het die arbeid verrig. Op Robbeneiland het 'n groot aantal bandiete skulpe geraap en klippe gebreek vir die regering se bouwerke. Op sommige buiteposte is Khoi ook deur die Kompanjie in diens geneem, byvoorbeeld as herders op die poste Groene Cloof, Saldanha Baaij en Soetemelks Valleij of as maaiers, soos op De Clapmuts waar hulle in die somer van 1691 arak en tabak vir hulle arbeid beloof is, maar net met brandewyn en skeepsbrood betaal is.[8]

Slawe-arbeid is ruimskoots op sekere landbouposte aangewend, maar nie op almal nie. In die wingerd op Rustenburg, in die groentetuin op 't Nieuwland, by die visserspos Vishoek en op landbouposte soos Hottentots-Holland en Vissershok, het slawe van albei geslagte gewerk en gewoon. By Simons Baaij was dit hulle taak om skepe te laai en te ontlaai, groente te kweek en klippe uit die steengroef teen die berghang te dra. By die pos Jan Biesjes Craal het bejaarde slavinne sout geraap vir die Kompanjie se kombuise, looiery en hospitaal.[9] In 1788 het daar 67 slawe en slavinne op Rustenburg gewerk. In daardie jaar was daar op altesaam tien buiteposte slawe. Daar het toe 232 slawe, teenoor 311 Europeërs op die buiteposte gewerk.[10]

Die Kompanjie se slawe is oor die algemeen goed behandel, gevoed, gehuisves en geklee. Poshouers het streng opdragte gehad oor die aanwending en beheer van slawe.[11] Dit was ook teen die regering se beleid om gepaarde slawe of ouers en kinders te skei deur hulle afsonderlik te verkoop.[12] Die Kompanjie het nie veel gespaar deur die arbeid deur onbetaalde werkers te laat doen nie. Die onkoste van die slawe was in 1788-1789 so veel as 23 091 gulden,[13] en dit het nog jaarliks toegeneem. Dit blyk ook dat daar op die buiteposte meer slawe aangehou is as wat vir die verversingstasie se behoeftes nodig was. Die origes is waarskynlik daar vir die goewerneurs se boerderye en persoonlike gerief ingespan. Van die blanke posvolk het met die slavinne saamgewoon, en in 'n paar gevalle is poshouers ook met slavinne getroud.[14] Benewens die bekende sosiale euwels wat uit slawerny spruit, is daarmee 'n vroeë bydrae tot die kleurprobleem van latere geslagte gemaak.

Die funksie van nog een amptenaar, naamlik die Kommissaris van die Buiteposte, moet in ag geneem word, teen die agtergrond van hoë koste, die private diens van die goewerneurs en die praktiese waarde van die buiteposte vir die VOC se skeepsbediening. Die werk wat van ongeveer 1720 af deur die Kommissarisse van die Buiteposte gedoen is, naamlik die opsig oor die personeel en vee, en die indien van 'n kwartaallikse opgaaf van geboortes, sterfgevalle en oorplasings van diere, is dieselfde as wat in 1685 deur kommissaris-generaal H.A. van Reede

---

8. C 503 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - J. Kerckenraadt, 2.1.1691, p. 1. (Tensy anders vermeld word, berus die argivale bronne in die Kaapse Argiefbewaarplek.) In die artikel word die oorspronklike skryfwyse gebruik om na spesifieke buiteposte te verwys. Dit beklemtoon die fisiese verskil tussen byvoorbeeld die buitepos Simons Baaij en die geografiese Simonsbaai, die buitepos De Clapmuts en die dorp Klapmuts, die buitepos 't Nieuwland en die voorstad Nuweland. Die Nederlandse name het in baie gevalle verafrikaans en het vandag ook 'n ander betekenis.

9. D. Sleigh, *Die Buiteposte in die ekonomie van die Kaapse Verversingstasie, 1652-1795*, p. 23.


10 *Ibid.*, p. 260.

VC 8 Daghregister: 16.1.1677, p. 20; C 498 I Uitgaande Brieven: J. Bax g.v. Herentals - L. Visser, 18.2.1677, p. 390; VC 8 Daghregister: 3.4.1677, pp. 123-124.

C 191 Resolusies van die Politieke Raad: 3.3.1791, pp. 380-399; C 394 Attestatiën: Verklaring van F. Olweg, 5.4.1777, p. 351; C 395 Attestatiën: Verklaring van F. Olweg, 9.10.1778, p. 775.

13. C 400 Burger Beswaren en Kommissies van Ondersoek: Antwoord van J. Kuuhl, 16.8.1789, g.p.

Poshouers J. Zacharias (1660-1669) en J. Stieber (1769-1772) is o.a. hier ter sprake. Albei was poshouers van die buitepos Robben Eijland.



*buitepos* **Baaij,** *Gordon* *geskets*

KAAPSE ARGIEFBEWAARPLEK
(Deel van kaart M 209 - M 212)

aan die landdros van Stellenbosch opgedra is. Dit kan verwag word dat die landdroste die kommissaris-amp met gemak en trou sou uitvoer, maar die goewerneurs het dit nodig gevind om soms 'n vertroude onderoffisier van die lyfwag as poshouer aan te stel, en dan sy sogenaamde hofmeester, of 'n gunsteling uit die offisierskorps (of selfs 'n familielid)[15], as Kommissaris van die Buiteposte, sodat die goewerneur se wense en sy persoonlike wins op die buiteposte verwesenlik is. Die VOC het die koste van dié duplisering van funksies gedra, sonder enige merkbare voordeel vir die Kompanjie, die skeepsdiens of die plaaslike burgers en inboorlinge.

Die besetting van die Liesbeekvallei van 1657 af, en die afbakening van die hulpbronne deur 'n kring militêre poste, is betwis deur die Skiereilandse Khoi wat daardeur uit 'n ou voedingsgebied gedwing is. Die Khoi kon nie hulle militêre weerstand lank volhou nie en het in April 1660 'n vredesooreenkoms met die VOC gesluit. Daardeur het die militêre poste om *de begrepen cirkel* oorbodig en in onbruik geraak. Net die graanboupos De Schuer, en die tuinboupos Rustenburg wat van die begin af agter bogenoemde militêre grens (die eerste oosgrens) bedryf is, is in diens behou. Die stene, hout en yster van een van die forte is daarna gebruik om 'n *lusthof* of plesieroord vir die senior Kaapse amptenare te bou, in die tuin van die buitepos Rustenburg - 'n goeie voorbeeld van die sluiting van 'n grens en die pasifikasie van 'n grensgebied.

Ongeveer 'n dekade later het 'n reeks buiteposte die opening van 'n nuwe grensgebied, twintig tot vyftig kilometer verder oos en noord van die setel af, voorafgegaan. Dié groot sprong weg van die Tafelvallei en die Liesbeekvallei af, is veroorsaak deurdat die sanderige, winderige Kaapse Vlakte, wat landboukundig minderwaardig is, grootliks onbewoon oorgeslaan is. Op nuwe buiteposte aan die Kuilsrivier en aan die voet van die Hottentots-Hollandberg en Klapmutsberg, het die Kompanjie met slagvee, trekvee en graan geboer. Die inboorlinge het ook hier die gebruik van die weiding om die nuwe buiteposte verloor.[16]

Die buiteposte van die bogenoemde of Tweede Grensgebied het ook gedien as basisse en vertrekpunte vir die regering se berede boodskappers, veldwagters en patrollies teen misdadigers en gevlugte slawe, en vir die Kompanjie se veeruilers wat met tabak, alkohol en krale na veebesittende Khoi toe gereis het om dit vir beeste en skape te verruil. Voordat nog 'n dekade verby was (dus, teen 1690), is die beste landbougrond in die omgewing van die Tweede Grensgebied aan blanke vryburgers uitgedeel, die dorp Stellenbosch is daar gestig met sy eie plaaslike bestuur, en die Hugenote is in die nabygeleë Olifantshoekvallei gevestig. Dié grensgebied het teen 1710 gesluit, maar die produktiewe landbouposte in die omgewing is nie afgeskaf nie, vanweë 'n langdurige droogte en omdat die skeepsvoorsieningstelsel steeds onder druk was as gevolg van die klagtes van skippers oor swak proviandering, wat by sowel Here Sewentien as die Raad van Indië aanhangig gemaak is.

'n Derde reeks buiteposte, almal met militêre funksies soos die bewaking van vee, gereelde patrollies en die agtervolging van rower-Khoi, is weer in 'n nuwe grensgebied gestig toe 'n vryburgerkolonie in 1699-1700 in die Waverenvallei, 140 kilometer van die Kasteel af, aangelê is. Daar was hewige aanvalle deur rower-Khoi op die veetroppe van die nuwe intrekkers en van pastorale Khoi, wat op versoek van goewerneur W.A. van der Stel as 'n buf-

15. Vaandrig W.W. Muys, wat van 1745 tot 1754 Kommissaris van die Buiteposte was, was deur ondertroue verwant aan goewerneur H. Swellengrebel. Kyk byvoorbeeld in O.F. Mentzel, *Life at the Cape in the Mid-Eighteenth Century* (Cape Town, 1919), p. 113.
16. Die oostelike buiteposte van die Tweede Grensgebied was Hottentots-Holland, De Cuijlen, De Clapmuts, Vissershok en Elsjes Corael, met Rietvalleij in die noorde en Aan de Steenbergh en Aghter de Steenbergh in die suide. Aangaande die Khoi se verlies van weiding, kyk byvoorbeeld in D. Sleigh, *Die Buiteposte van die VOC ..., 1652-1707,* pp. 68-69.

fer teen die rower-Khoi in die Vierentwintigriviere-gebied ingetrek het. Toe die aanvalle na verskeie ernstige skermutselings teen die Kompanjie se posvolk in 1706 ophou, is hierdie reeks militêre buiteposte, uitgesonderd die sentrale pos by die huidige Tulbagh, weer ontruim.[17]

Die militêre grensposte van die Derde Grensgebied was, soos die van die eerste twee grensgebiede, klein verversingstasies vir die VOC se veeruilers en ander landsreisigers wat deur hulle omgewing getrek het. Die skrywer F. Valentijn, wat in 1705 die land besoek het, het toe reeds die invloed van die regering se buiteposte op die afgeleë grensgebied opgemerk. Van die soldate wat uit die Kasteel gegaan het om na slawe te soek, sê hy:

> *Zy waren 6 weken uit, vonden daar overal een Compagnies post, een Compagnies Huijs en Compagnies pan en noodigh gereedschap om hun spijse in te koken.*[18]

Ook verbindings tussen die hoofkwartier en die binneland is verbeter: in 1705 het die posvolk die nuwe koloniste gehelp om 'n pad deur die Roodezandkloof na die Waverenvallei aan te lê.[19] Gedurende hulle kort bestaan het die buiteposte die burgers en Khoi se lewens en eiendom beskerm terwyl hulle self beskermde veeweidings van die VOC was, waar die posvolk gesorg het dat blankes en inboorlinge nie hulle vee laat oortree op die weiding wat die regering vir homself gereserveer het nie.

Die toenemende verwydering - in afstand en in toegeneentheid -tussen die VOC en die veebesittende inboorlinge, die uitputting van hierdie selfde bron deur die vryburgers, swak aanteel van vee en 'n opdrag van Here Sewentien in Junie 1699, dat die *burgers* voortaan die Kompanjie van skeepsvleis moes voorsien, het in 1701 die stigting van nog 'n militêre pos, genaamd Groene Cloof, veroorsaak. Die posvolk moes die weiding van die Slagtersveld, wat vir die gekontrakteerde burger-slagters gereserveer was, patrolleer. Die vrugbare, waterryke gebied het van regoor Robbeneiland af noordwaarts tot by Saldanhabaai gestrek. Solank as die Wes-Kaapse Khoi die Kompanjie se bron van slagvee was, het die skeepsverversing op 'n onsekere bron berus. Die buitepos by Groene Cloof het dit van 1701 af militêr moontlik gemaak dat die burger-slagters 'n gereelde, betroubare diens aan die VOC kon lewer. Daardeur het die Wes-Kaapse Khoi-stamme hulle enigste waarde of belang vir die Kompanjie verloor, en is hulle aanspraak op weiding ooreenkomstig verontagsaam.


'n Ander buitepos wat by militêre aksies teen Kaapse inboorlinge betrokke was, is die wat in 1739 aan die Olifantsrivier op die Noord-Bolandse grens bestaan het. Die vervoerpos De Schuer was betrokke by die verraderlike aanval en massamoord op Khoi, wat in 1739 onder die leiding van poshouer J.P. Giebeler naby Meerhofs Casteel in die distrik Van Rhynsdorp plaasgevind het.[20]

Ook wat die plaaslike vervoer betref, het die buiteposte 'n belangrike rol gespeel. Die Kompanjie se vervoerstelsel het bestaan uit 'n groot sentrale vervoerpos en 'n aantal sateliet-weiposte. Die vervoerpos De Schuer was ook die poshouer se setel. Dit was toegerus met 'n wamakery, 'n smidswinkel, veekrale en woonhuise. Tagtig VOC-posvolk en 'n onbekende aantal slawe het teen 1760 op die pos gewerk, waar daar ongeveer 30 plaaslik-gemaakte waens en 2 000 trekosse gestasioneer was. Rustende trekvee is versprei op die weiposte in die

---

Die buiteposte van die Derde Grensgebied was by 't Land van Waveren, Elandskloof, Sonquasdrift, Riebeeck-Casteel en Vogel Valleij. Hulle bestaan en omstandighede word bespreek in D. Sleigh, *Die Buiteposte van die VOC ..., 1652-1707,* pp. 266-281.

18. *Ibid.*, pp. 279-280.
19. C 376 Inkomende Brieven: J. Muton en S. Teerbelandts - W.A. van der Stel, 28.5.1705, p. 201.
20. VC 25 Daghregister: 2.6.1739, g.p.; *Ibid.*, 19.6.1739, g.p.; G.C. de Wet (red.), *Resolusies van die Politieke Raad X* (Pretoria, 1984), pp. 319-320.



*buitepos Valleij Buffelsjacht Rivier, R.J. Gordon geskets, ongedateerd.*
FOTO KAAPSE ARGIEFBEWAARPLEK
(Kaart AG 7146)

Wes-Kaap en die Overberg, om weiding meer eweredig te benut en om 'n moontlike totale verwoesting deur 'n epidemie te vermy. Benewens die karwei van sout, huide, hooi en skeepsvrag, het die posvolk van De Schuer daagliks vragte brandhout (in die jaar 1791 was dit byvoorbeeld 4 000 wavragte)[21] van die houtkappersposte op die Kaapse Vlakte af aangery vir gebruik in die kombuise van die Kasteel, slawelosie, hospitaal, bakkery en skepe, en in die woonhuise van bevoorregte amptenare.


Bogenoemde vervoertaak is in 1743 vergroot deur die stigting van 'n winterhawe vir die handelskepe in Simonsbaai. Swaargeskut, kruit, voedsel, personeel, skeepsvrag, maste en ander skeepstuig moes daarna van April tot September elke jaar tussen Tafelbaai en Simonsbaai vervoer word.[22] Hierdie uitputtende diens oor onbegaande weë het jaarliks honderde osse se lewens gekos. In die tydperk 1786-1788 is byvoorbeeld 2 643 osse, of gemiddeld 881 per jaar, van die Kompanjie dood.[23] Die voorraad trekvee vir die vervoerdiens moes daarom gedurig aangevul word deur aankope en deur ruiltogte na die Wes- en Suid-Kaapse Khoi, waar dit nog beskikbaar was. Jong trekosse is daar vir opbruikbare, gewoontevormende genotsartikels soos tabak en alkohol verruil. Die Kompanjie was vroeg (reeds in 1662) bewus van die kommersiële waarde van sowel die opbruikbaarheid as die gewoontevormende eienskappe van die ruilware, en het doelbewus die verbruik daarvan aangemoedig.[24] Aan 'n stam wat nie meer vee kon aanbied nie, maar nogtans om tabak verleë was, is byvoorbeeld 'n geskenk van tabak gegee sodat die rookgewoonte nie onder hulle sou uitsterf nie.[25]

Vyftien van die 45 geboekstaafde ruiltogte gedurende die regeringstyd van die twee goewerneurs Van der Stel (1679-1707) was na die Overberg en Suid-Kaap, negentien ruiltogte was na die Wes-Kaapse of "naasgelegen Hottentotten," twee was na die Noord-Boland, en die orige na onbekende bestemmings.[26] Aan die einde van die sewentiende eeu was die Wes-Kaapse Khoi al tot 'n groot mate as veebron uitgeput, en het die VOC, maar ook vryburgers, die vee van Noord-Bolandse en Overbergse Khoi afgeruil en afgedreig.[27] Die eerste VOC-buitepos in die Overberg (dit is, oos van die Hottentots-Hollandberg, wat tot ongeveer 1699 die mees suidelike rand was van wat hierbo die Tweede Grensgebied genoem is) het juis in 1726 ontstaan na 'n rapport aan die Politieke Raad dat daar ná tien amptelike ruiltogte in veertien jaar, nie meer trekbeeste by die Khoi van die Wes- en Noordwes-Kaap te kry was nie.[28] Van die 35 geboekstaafde amptelike ruiltogte van 1707 tot 1784, was agt na die Noordwes-Kaap, drie na die Noord-Boland en 22 na die Overberg en Suid-Kaap. Dié togte het meer as 6 000 jong trekbeeste vir die verversingstasie se vervoerdiens opgelewer.[29] Die laaste agtien togte, met die uitsondering van drie ruildae by die drosdy op Swellendam, is almal deur die Suid-Kaapse buiteposte Riet Valleij en Soetemelks Valleij se poshouers en posvolk onderneem.[30] Die geruilde trekosse is na 'n buitepos geneem - voor 1705 was daar vier sulke ontvangsposte wes van die Hottentots-Hollandberg[31] - waar hulle getel, gesorteer en gebrandmerk is.

Terwyl die buiteposte dus voortdurend vee van die Khoi onttrek het, is die Khoi deur die

---

21. D. Sleigh, *Die Buiteposte in die ekonomie ...*, pp. 19-21.
22. *Ibid.*, pp. 32-33.
23. Inligting versamel uit C 403 Attestatiën (1786) - C 405 Attestatiën (1789).
24. A.J. Böeseken (red.), *Memoriën en Instructiën 1657-1699* (Kaapstad, 1966), J. van Riebeeck - Z. Wagenaer, 5.5.1662, p. 43. Kyk verder in D. Sleigh, *Die Buiteposte van die VOC ...*, pp. 47-52, aangaande handelsmiddele en handelsmetodes wat by die veeruil gebruik is.
25. C 361 Inkomende Brieven: S. van der Stel - ongenoemde persoon, 12.7.1697, g.p.
26. D. Sleigh, *Die Buiteposte van die VOC ...*, pp. 44-46.
27. *Ibid.*, pp. 47-49, 51.
28. D. Sleigh, *Die Buiteposte in die ekonomie ...*, p. 43.
29. *Ibid.*, pp. 90-91.
30. *Ibid.*, p. 91.
31. *Ibid.*, p. 90.



*FIGUUR 3. Die buitepos 't Nieuwland, deur J. Jones geskets, ongedateerd.*

**FOTO: KAAPSE ARGIEFBEWAARPLEK (Kaart M 1/969)**

proses verarm en het na die verlies van hulle vee aanspraak op weiding en woonreg verloor. Ds. F. Valentijn het aan die begin van die agtiende eeu opgemerk hoe voormalige pastorale Khoi van die Wes-Kaap en Noord-Boland toe as jagters en rowers in die uitskotvoedingsgebied (die berge) 'n armoedige bestaan moes probeer maak.[32] Terwyl die buiteposte deur die volgehoue onttrekking van vee bygedra het tot die ekonomiese en sosiale verval van die Khoi, moes hulle terselfdertyd die bron help beskerm deur te voorkom dat vryburgers met die Khoi handel dryf.[33] Toe die Khoi nie langer in die VOC se groeiende behoefte kon voorsien nie, is daar in 1728 'n metode gevind om die vryburgers tot die regering se trekveestapel te laat bydra deur hulle toe te laat om die *recognitie* of jaarlikse belasting op hulle plase met jong osse in plaas van kontant te betaal.[34] Die osse moes by een van verskeie aangewese buiteposte ingelewer word, waar die boer 'n kwitansie sou ontvang. Op dié wyse is die belasting van 'n kontantlose en toenemend-mobiele blanke herdergemeenskap met 'n groot mate van sukses ingesamel.

Die Kaapse regering of Politieke Raad het by die stigting van buiteposte nie 'n beplande groeibeleid gevolg nie, behalwe dat dit in die vereistes van die skeepvaart moes help voorsien. Die ekonomiese oorwegings wat tot die stigting van buiteposte gelei het, soos die voorsiening van landvervoer, boumateriaal en brandstof of die beskerming van monopolieë, was almal eerstens op die skeepsdiens gerig. Die regering het nie vertroue gehad in 'n skeepsdiens wat op vrye onderneming berus nie en het die plaaslike produksiestelsel gevestig op monopolieë en die direkte bestuur van ekonomiese bronne. Die belangrike administratiewe riglyn wat kommissaris-generaal H.A. van Reede in 1685 aan die plaaslike regering gegee het, het direkte beheer verlang:

> *Men moet dan de Caap de Goede Hoop considereeren als een frontier, en het Casteel als een plaats dewelcke dagelijck in het gevaar van een vijandt staande, van niemandt dan van sijn eijgen hulpe en sterckte affhangt* ...[35]

Ten opsigte van produksie het die buiteposte dieselfde doel as vryburgers gedien, maar laasgenoemde se kommersiële inisiatief is behalwe ten opsigte van slagvee, nie toegelaat om te ontwikkel nie. Die regering was ook onwillig, of nie in staat nie, om die vertroude produksiestelsel te herorganiseer of om alternatiewe stelsels te skep. Die buiteposte het dus tot 'n groot mate die las en koste van produksie bly dra, terwyl daar onder die burgers geen kennis of ervaring van vrye onderneming ontwikkel het nie, en die streek se ekonomiese ontwikkeling so met meer as 'n eeu vertraag is. Die twee groot verbruikers en produsente (die buiteposte en die vryburgers) het in die Wes-Kaap en Noord-Boland meegeding om die beperkte hulpbronne soos weiding, water, brandhout en goedkoop vee. Dit het spanning tussen die amptenary en die burgers geskep. Die boere het in 1708 die landbouposte beskou as "een scherpe doorn in de voet,"[36] en het by kommissaris C.J. Simons gekla oor intimidasie deur die poshouers. Die buiteposte het toe die beste bronne sowel as die beste produktemark beset, en het in hulle omgewing 'n monopolie op die veeruil, vervoer, landbou en houtkappery gehad. Die spanning het in klagtes en beskuldigings tussen die twee partye tevoorskyn gekom.

Die produksie van groente en vrugte was die primêre doel van ten minste drie buiteposte. By twee daarvan, naamlik Rustenburg en 't Nieuwland, is voedsel gekweek vir skepe, maar ook vir bevoorregte senior amptenare. Na die stigting van die winterhawe in Valsbaai in 1743

---

32. F. Valentijn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope* (reds. Senton en Raidt) (Van Riebeeck vereniging II, 2, ii, Kaapstad, 1971), p. 40.
33. D. Sleigh, *Die Buiteposte in die ekonomie* ..., p. 92.
34. ZK 1/181 Uitgaande Brieven: P. Noodt - Here XVII, 21.1.1729, pp. 90-94.
35. A.J. Böeseken (red.), *Memoriën en Instructiën*, p. 198.
36. C.G. Botha (red.), *Collectanea* (Van Riebeeck-vereniging I, 5, Kaapstad, 1924), p. 38.

is daar ook by Vishoek en later by Simonsbaai tuine vir skeepsverversing aangelê, met die uitsluiting van burgerondernemers, behalwe in noodgevalle waar die VOC nie self die produk kon lewer nie.

Brandstofvoorsiening is ook deur gespesialiseerde buiteposte waargeneem. Op verskeie houtkappersposte op die Kaapse Vlakte is die sogenaamde stronkhout uitgegraaf en daarna deur die vervoerpos De Schuer versprei. Die gevolglike ontbossing van die Kaapse Vlakte en die vorming van sandduine kon beswaarlik vermy gewees het, omdat die Skiereiland geen ander brandstof gehad het nie. Die ontginning van robbetraan as brandstof en as smeermiddel is op die buiteposte Saldanha Baaij en Dassen Eijland beoefen, maar kompetisie van Europese en Amerikaanse traanbranders wat die oliebehoeftes van die vroeë Nywerheidsomwenteling in Kaapse waters versamel het, het teen 1785 tot die uitwissing van die bron gelei.[37]

Ten opsigte van boumateriaal was die verversingstasie ook tot 'n groot mate van sy buiteposte afhanklik. Dekriet, leiklip, messelkalk en timmerhout is gelewer deur verskillende gespesialiseerde buiteposte wat op gemonopoliseerde natuurlike bronne gesetel was. Dekriet het van die buiteposte Riet Valleij en Zeekoe Valleij af gekom, en messelkalk is gebrand van seeskulpe, en later van kalksteen wat hoofsaaklik van die poste Robben Eijland en Saldanha Baaij gehaal is. Voor die einde van die sewentiende eeu moes die inheemse Skiereilandse timmerhout met aanplantings van Europese hout aangevul, en later daardeur vervang word. Van nuwe houtkappersposte, wat in die agtiende eeu in die Overberg en in Outeniqualand gestig is, is inheemste houtsoorte met poswaens Kaap toe gery. Net van die buitepos Plettenbergs Baaij af is die hout per skip vervoer. Die vryburgers van die Suid-Kaap het by die laasgenoemde houtkapperspos en by die buitepos Mossel Baaij 'n rare geleentheid gehad om 'n paar jaar lank kontant te verdien deur respektiewelik hout en graan aan die VOC te lewer,[38] maar by buiteposte waar die Kompanjie alleen die produksie bedryf het, het die streek se inwoners geen aandeel of baat by die poste se ekonomiese aktiwiteit gehad nie.

Verskeie binnelandse buiteposte was ook van kanonne voorsien, en is ingeskakel by die alarmstelsel wat die aankoms van 'n vyand en die oproep van die burgermag, uit die Kaap na die binneland gesein het.[39] 'n Ander baie belangrike diens van verskeie buiteposte, wat deel van die Kaapse verdedigingstelsel was, het neergekom op observasie en kommunikasie. Op Leeuwenkop was 'n hooggeleë uitkykpos en seinpos, wat die aankoms van skepe bekend gemaak het.[40] By St. Helenabaai is 'n suiwer militêre pos aangelê, sodat daar twee sulke poste aan die weskus was. Die buitepos Saldanha Baaij was 'n luisterpos ten opsigte van die bewegings van Khoi, maar het ook in die behoeftes van VOC-skepe en reisigers op 'n afgeleë reede voorsien. Benewens die militêre poste aan die Weskus was daar by Plettenbergs Baaij en Mossel Baaij aan die suidkus, by Hout Baaij en Von Kamptz Baaij aan die Skiereilandse weskus en by Muijsenburg en Simons Baaij in Valsbaai ook militêre poste, wat teen privaathandel en vyandelike landings bewapen was.

Ten opsigte van die redding en vervoer van skipbreukelinge en die berging van vrag, was die buiteposte wat na aan die kus geleë was, soos Hottentots-Holland en Saldanha Baaij ook herhaaldelik vir die Kompanjie van waarde.[41]

Natuurkundiges van die Universiteit van Leiden is baie jare lank deur bemiddeling van die

---

37. C 575 Inkomende Brieven: W. Alting - C. van de Graaff, 28.10.1788, p. 38; C 705 Verslag en Bijlagen van S. Nederburgh en S. Frijkenius, 24.7.1793, pp. 25-27.
38. D. Sleigh, *Die Buiteposte in die ekonomie ...*, pp. 51-52.
39. G.C. de Wet (red.), *Resolusies van die Politieke Raad VIII* (Pretoria, 1975), p. 379.
40. VOC 4340: Nota van eenige orders ..., 17.6.1789, pp. 1443-1444. (Algemeen Rijksarchief, Den Haag.)
41. Kyk byvoorbeeld in D. Sleigh, *Die Buiteposte van die VOC ...*, pp. 209-210.

Kamer Delft, uit die Kaap voorsien van diere, voëls, reptiele, insekte, droë blomme, saad en bolle.[42]

Die versoeke uit Leiden is deur die Kaapse regering aan die poshouers oorgedra, wat toegesien het dat hulle posvolk die eksemplare versamel. Die buiteposte het ook huisvesting verskaf vir, en gehelp met die vervoer van, natuurwetenskaplike navorsers soos C.P. Thunberg, A. Sparrman, W. Paterson en F. Masson, op hulle reise deur die Suid- en Wes-Kaap.[43] Wanneer die Raad van Indië 'n gekenk vir 'n Oosterse vors wou hê, soos 'n leeu, kwaggas of volstruise, wat moes help om die handel te stimuleer (of, soos die gesegde gelui het: *om die kaneel uit die bos te kry*) is die Kaapse regering gevra om die geskenk te voorsien. Hierdie versoeke is ook oorgedra aan die poshouers, wat dit so goed as moontlik uitgevoer het, hoewel hulle pogings meermale in die dood van die dier geëindig het.[44]

By die buiteposte is ook regeringsbiljette en -plakkate opgeplak, waardeur die publiek ingelig is oor nuwe ordonnansies, byvoorbeeld oor grensbepalings, belastings, die kap van hout en privaathandel.

Party van die Kaapse hoofde het sekere buiteposte vir hulle eie wins en genot gebruik, maar op koste van die VOC. 'n Vroeë, en miskien die mees ambisieuse, ondernemer in dié verband was goewerneur W.A. van der Stel, wat van 1700 af die hele buitepos Hottentots-Holland met geboue, buitegeboue, krale, boorde, landerye en die arbeidsmag daarop, as die kern van sy later-bekende *Vergelegen* ingepalm en bedryf het.[45] Die buitepos Rustenburg met sy natuurskoon en aangename klimaat, was van sy ontstaan af 'n "lusthof" of ontspanningsoord vir die senior amptenare en hulle gaste, maar die goewerneurs Tulbagh, Van Plettenbherg en Van de Graaff het 'n vaste somerverblyf daarvan gemaak en ook intensief met wingerd daarop geboer. Toe Tulbagh teen 1750 vir hom 'n herehuis op die buitepos 't Nieuwland laat bou het, is Rustenburg aan die Sekunde gegee. Van Plettenberg het na hom ook op 't Nieuwland gewoon, en 'n groter goewerneurshuis by Simons Baaij laat bou - alles op koste van die VOC. Bogenoemde drie goewerneurs het vir eie wins met beeste, perde en graan op die plattelandse buiteposte geboer. Hulle het gereeld gratis groente, vis, wildsvleis, melk, botter, brandhout en hoëgraadse meubelhout, soos ebbehout en swarthout, van die buiteposte af gekry, waar dit deur die VOC se posvolk en slawe geproduseer is. Die mees senior amptenare het in hierdie voorregte gedeel. Hierdie byvoordele, wat vir die Kaapse vryburgers neergekom het op die langdurige verlies van 'n waardevolle produktemark, het die spanning tussen die boere en die amptenary, waarvan vroeër melding gemaak is, gedurende die agtiende eeu laat toeneem. Die burgers se antagonisme is verwoord in klagskrifte aan Here Sewentien in 1779 en aan die State-Generaal in 1785.[46] Die tweede klagskrif het uiteindelik tot die afskaffing van die nie-militêre buiteposte bygedra.

Die afskaffing van die buiteposte het weer 'n groot invloed op die Kaapse ekonomie en die gemeenskap gehad. Here Sewentien het vroeër die stigting en sluiting van spesifieke buiteposte grotendeels aan die oordeel van die Kaapse regering oorgelaat. Uit die uitgaande korrespondensie kon die Direkteure nie veel oor die buiteposte en hulle rol in die skeepsvoorsiening agterkom nie, maar hulle het nog nie die plaaslike regering se uitgesproke wantroue gedeel in die publiek se onvermoë om in al die diensstasie se behoeftes te voorsien nie, en het byvoor-

---

42. C 496 II Uitgaande Brieven: I. Goske -L. Visser, 14.12.1673, p. 851; C 499 I Uitgaande Brieven: S. van der Stel - H.M. Callenbagh, 17.11.1680, p. 419.
43. D. Sleigh, *Die Buiteposte in die ekonomie ...*, p. 154 (voetnota 100).
44. Kyk byvoorbeeld C 121 Resolusies van die Politieke Raad: 5.3.1743, p. 208; VC 33 Dagregister: 8.4.1783, p. 915.
45. D. Sleigh, *Die Buiteposte van die VOC ...*, pp. 214-215.
46. C. Beyers, *Die Kaapse Patriotte gedurende die laaste kwart van die agtiende eeu en die voortlewing van hul denkbeelde* (Pretoria, 1967), pp. 49-50, 58.

beeld in 1695 en weer in 1699 daarop gewys dat die reg op die produksie van graan en vleis die burgers toekom, en dat buiteposte wat daarby betrokke was dus afgeskaf moes word. Eers sowat 'n eeu later het die Direkteure weer direk by die buiteposte ingegryp. Die optrede is geïnisieer deur 'n versoek van die Kaapse burgers, wat in 1779 gevra het dat die ekonomiese rol van die buiteposte ondersoek moes word. Hulle het byvoorbeeld daarop gewys dat sekere burgers 'n wavrag brandhout teen drie riksdalers kon lewer, terwyl dit die buitepos De Schuer tien riksdalers per vrag gekos het.[47] Die finansiële nood waarin die VOC toe (aan die einde van die agtiende eeu) verkeer het, het tot die verpligte besnoeiing van sommige poste en die afskaffing van ander gelei. Here Sewentien het in 1788 'n opgaaf van al die Kaapse buiteposte gevra, met hulle ligging en die getal van die personeel, slawe en vee wat vir die onderhoud van elke pos nodig was. Hulle wou ook 'n berekening hê van die onkoste ten opsigte van geboue, soldye, rantsoene en vervoer, en watter wins of voordeel die VOC ten opsigte van hout, graan of ander produkte uit elke pos getrek het. Die goewerneur moes 'n lys opstel van watter poste noodsaaklik behou en watter afgeskaf moes word, en redes verstrek waarom sekere poste behou moes word, en hoe die VOC intussen op bestaande uitgawes kon besnoei.[48] Goewerneur Van de Graaff se onwilligheid om sy private by-inkomste te verloor, het 'n lang vertraging veroorsaak voordat hierdie opdrag in 1791 uitgevoer is.

By die afskaffing van die nie-strategiese poste, waarmee in 1791 begin is, is grond, geboue, gereedskap en vee aan die publiek opgeveil. Benewens kontant uit die verkope kon die regering toe 'n inkomste uit belasting op die verkoopte grond verwag. Noodsaaklike regeringsdienste soos padvervoer en die lewering van brandhout en sout, is daarmee aan die burgers opgedra, maar laasgenoemde kon nie die dienste sonder kapitaal ontwikkel nie, en in meer as een geval is die burgers wat op die veilings groot aankope gemaak het, in die skuld gesteek terwyl die regering vir sy geld verleë gelaat is.[49] Groot prysstygings ten opsigte van brandhout, timmerhout, vis en sout het ook gevolg, hoewel daar geen fisiese tekorte aan bogenoemde was nie.[50] Omdat die grootste stimulus vir die plaaslike ekonomie juis in die VOC se aktiwiteite op die buiteposte gelê het, het die kommissarisse-generaal Nederburgh en Frijkenius in September 1792 "met een schok" ontdek dat daar geen lewe in die ekonomie oor was nie.[51] Verbindingsprobleme, veroorsaak deur groot afstande, swak paaie en 'n gebrek aan trekvee, het ook ontwikkeling gedemp. Die waarde van die buiteposte in die ekonomie is deur dié stagnasie geïllustreer. Die afskaffings en besnoeiings van 1791 was uiteindelik te laat om werklike besparings op die diensstasie se uitgaafrekening te weeg te bring.

Die finansiële state en rekeningboeke waarin die buiteposte se onkoste en inkomste aangeteken is (indien wel) het nie bewaar gebly nie. In die enkele gevalle waar die buiteposte in finansiële state genoem word, is die verwysings so vaag, dubbelsinnig en verwarrend dat dit 'n vermoede van opsetlike verduistering oordra.[52] Klaarblyklik het al die buiteposte se onderhoudskoste toegeneem in verhouding tot hulle afstand van die Kaap af, dit wil sê hoeveel land- en seevervoer nodig was om hulle funksies te verrig. Hoewel 'n pos se finansiële waarde kon verminder met die uitputting van 'n bron (Dasseneiland is 'n voorbeeld hiervan) moet die poste nie as kommersiële suksesse of mislukkings beoordeel word, asof hulle takkantore van 'n handelsmaatskappy was, nie. Dit sou die aard van hulle diens -voorsiening en ondersteuning - misken.

47. *Ibid.*, p. 49.
48. C 577 Inkomende Brieven: Here XVII - C. van de Graaff, 31.12.1788, pp. 95-96.
49. D. Sleigh, *Die Buiteposte in die ekonomie* ..., p. 306.
50. *Ibid.*, p. 309.
51. Brief van S. Frykenius aan goew.-gen. W. Alting, aangehaal deur A.J.H. van der Walt e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika II* (Kaapstad, 1955), p. 176.
52. D. Sleigh, *Die Buiteposte in die ekonomie* ..., pp. 304-306.

Wat was die invloed van die buiteposte op hulle omgewing? In die onderwerping en latere ontstamming van die Khoi en in die besetting van hulle voedingsgebiede, was die rol van die buiteposte van groot belang. Deur die bewaking van vryburgerkolonies en troppe skape en beeste, die patrollering van grensgebiede, weerstand teen, en die agtervolging van rowers het die buiteposte gehelp om die mag en die produksiemetodes van die VOC buite die Tafelvallei te vestig. Die Khoi het daardeur ekonomies afhanklik van die Europeërs geword, en moes op die onderste trap van die sosiale en ekonomiese leer in hulle diens tree. Ook wat die vestiging van die blanke deel van die samelewing betref, het die buiteposte 'n belangrike bydrae gelewer. Baie vryboere het vroeër as poshouers en posvolk op buiteposte geleer om te ploeg, te oes en om 'n goedkoop veeboerdery te bedryf. Goewerneur Simon van der Stel het by die vrystelling van amptenare wat om burgerskap aansoek doen, voorkeur gegee aan posvolk, omdat hulle ondervinding op die buiteposte opgedoen het.[53] 'n Indrukwekkende aantal van die stamvaders van bekende Afrikaanse families het op dié wyse op buiteposte met die boerdery kennis gemaak.[54] In die Wes-Kaap, Roodesand, Overberg en Suid-Kaap het die posvolk nuwe verbindingsroetes help open. In elke geval waar die regering nie die arbeidsmag kon voorsien nie, het die buiteposte vir die burgery klein handelsgeleenthede verskaf, en in die omgewing van buiteposte wat bekende uitspannings en administratiewe sentrums was, soos Roodesand, Rondebosch, Simons Baaij en De Cuijlen, het mettertyd nuwe dorpe ontstaan.[55]

Sou die Kaapse skeepsdiensstasie sonder die gebruik van buiteposte bedryf kon word? Die antwoord is *nee*. Daar was geen wyse om hulpbronne teen mededingers te beskerm as deur die fisiese besetting daarvan nie, geen arbeidsmag of ekonomiese onderbou wat seevaartgerigte dienste kon lewer nie, geen openbare vervoerstelsel wat swaar vervoer kon hanteer nie, geen militêre bondgenoot op die grense wat vyandelike druk kon help verlig nie, en aanvanklik geen ander kapitaalkragtige landbouprodusent wat die Kompanjie in staat sou stel om te koop in plaas van om te kweek nie. In laasgenoemde opsig was die Kompanjie self verantwoordelik vir die stadige ontwikkeling van die landbou, deur sy oninspirerende monopoliestelsel. Die woorde van kommissaris-generaal H.A. van Reede in 1685, het deurgaans gegeld: die hele Kaap was 'n grensgebied, en die Kasteel kon van nêrens hulp met sy uitgebreide taak van skeepsbediening verwag nie. Die buiteposte was onmisbaar, omdat hulle 'n effektiewe, betroubare en redelik-goedkoop diens aan die VOC gelewer het. Die mees waardevolle poste was die wat 'n direkte bydrae tot skeepsverversing gemaak het. Die militêre poste en seinposte was nie-produktief, maar onvervangbaar. Ongelukkig is die produksie-aspek van die buiteposstelsel te lank en te monopolisties gaande gehou en het dit die ontwikkeling van plaaslike handel, nywerhede, landbou en bemarkingstelsels ernstig vertraag. Hiervan het die ekonomiese depressie wat op die afskaffing van die stelsel gevolg het, heel gou getuig.

---

53. *Ibid.*, p. 312; VC 9 Daghregister: 6.12.1683, pp. 1238-1239; VC 10 Daghregister: 29.2.1684, p. 69.
54. D. Sleigh, *Die Buiteposte in die ekonomie ...*, pp. 313-314.
55. Ten minste 25 dorpe het naby buiteposte ontstaan. Kyk verder D. Sleigh, *Die Buiteposte in die ekonomie ...*, p. 313.